NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

# Reëls vir die Innovasietoekennings vir navorser(s) en personeel aan die NWU

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer | 10P/10.6 |
| Verantwoordelike uitvoerende bestuurder | Adjunkvisekanselier: Navorsing , Innovasie en Tegnologie |
| Beleideienaar | Hoofdirekteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun |
| Verantwoordelike afdeling | Tegnologieoordrag en Innovasiesteun |
| Status | Goedgekeur |
| Goedgekeur deur | Raad |
| Datum van goedkeuring | November 2016 |
| Wysigings | Geen |
| Datum van wysigings | |
| Volgende Hersieningsdatum | 2019 |
| Webadres van hierdie beleid | http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules |
| Adres op die beleidsdatabasis | (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad November 2016\10P-10.6_Rules for innovation awards_eng.docm |

**Innovasie**

# Innovasietoekennings vir navorser(s) en personeellede aan die NWU

## 1 Agtergrond

Die NWU verleen erkenning aan innovasie deur die volgende jaarlikse Visekanselierstoekennings:

a) Topuitvinder(s)

b) Toptegnologie-innoveerder(s)

c) Toekenning vir die mees innoverende bydrae tot die verbetering van die NWU se bestuurstelsels, funksionering of prestasie

Die Kantoor vir Tegnologieoordrag het sedertdien ŉ aantal addisionele kategorieë aan die hand gedoen, waarvoor die eerste toekennings in 2015 gemaak is.

Hierdie dokument konsolideer die oue en nuwe Toekennings en hul onderskeie kriteria.

## 2 Definisies en terme

a) Uitvinding: ŉ Nuwe en nuttige idee m.b.t. prosesse, masjiene, vervaardiging en samestelling van materie. Dit insluit nuwe of verbeterde toestelle, stelsels, stroombane, chemiese verbindings, mengsels, programmatuur, ens.

- Die term "uitvinding" sluit ook alle uitvindings in wat nie gepatenteer of geregistreer is nie, maar wat beskerming geniet as konfidensiële kennis.
- ŉ Ontdekking is nie ŉ uitvinding nie.
- Dit is waarskynlik dat iets uitgevind is wanneer iets nuuts en bruikbaars bedink of ontwikkel is, of wanneer ongewone, onverwagte of nie voor die hand liggende resultate verkry is en bruikbaar is.
- ŉ Uitvinding kan die produk wees van ŉ enkele individu, of van ŉ groep individue wat saamgewerk het aan ŉ projek.
- ŉ Uitvinding moet kommersiële of maatskaplike waarde hê.
- Ons erken handelsmerkprogrammatuur as ŉ uitvinding vir die doeleindes van hierdie Toekennings.

b) ŉ Toegestaande patent is die finale en absolute erkenning dat ŉ uitvinding aan die vereistes van ŉ land se eksaminering voldoen het.

c) Eksamineringsowerheid: Sommige lande, bv. Suid-Afrika, aanvaar patente sonder ŉ deeglike eksaminering deur kundiges. Die nuutheid of nie voor die hand liggendheid van sodanige patent kan moeilik wees om in ŉ hof te verdedig.

d) Innovasie strek oor vier fases en is eers afgehandel as die uitvinding vir wins of maatskaplike voordeel aangewend is:

- Uitvinding of skep van ŉ oplossing vir ŉ praktiese of kommersiële probleem – navorsing
- Demonstrasie van die funksionele lewensvatbaarheid van die oplossing of uitvinding – prototipering
- Industrialisering, d.w.s. voorbereiding van die produk of tegnologie vir die mark – stelselingenieurswese
- Voorbereiding van die mark vir die produk of tegnologie – bemarking en kommersialisering

e) Vennootskappe/alliansies het betrekking op formele gesamentlike ondernemings of samewerkingsooreenkomste met befondsingsbronne, navorsingsinstitute wat hoë aansien geniet of kommersiële vennote.

f) Verwysing na ŉ jaar, met verwysing na kriteria vir ŉ bepaalde toekenning, verwys na die 12 maande wat die sperdatum vir benoemings voorafgaan.

## 3 Paneel van beoordelaars

Die paneel vir die evaluering van aansoeke vir die onderskeie toekennings kan, na goeddunke van die Adjunkvisekanselier: Navorsing, Innovasie, Tegnologie, soos volg saamgestel word:

- Die Adjunkvisekanselier: Navorsing, Innovasie, Tegnologie
- Direkteur: Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun
- IER- en kontrakbestuurder
- Die betrokke Dekane en Ad hoc-spesialiste benoem deur die paneel indien nodig

## 4 Hoe om ’n aanspraakmaker te wees

**a) eie inskrywing:** Belangstellende persone (individue of klein groepe) kan besluit in watter kategorie hulle wil inskryf en moet ’n kort en bondige geskrewe of elektroniese dokument voorlê. Die voorleggings moet slegs ’n beskrywing bevat van hul prestasie in die kategorie waarvoor hulle inskryf (aan die hand van die kriteria vervat in hierdie dokument). Inskrywings in meer as een kategorie sal aanvaarbaar wees.

**b) benoemings:** enige voltydse werknemer van die NWU kan ’n individu of groep persone vir een of meer van die Toekenningskategorieë benoem.

Die voorleggings of benoemings moet die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun bereik voor of op die datum soos aangedui op die NWU-webwerf en/of ander kommunikasiemediums.

## Kriteria:

### Toekenning 1: Topuitvinder(s)

Minimum vereistes vir hierdie toekenning:

- Die personeellid/-lede moet minstens één internasionaal toegestane patent in minstens één land met ’n eksamineringsowerheid hê – tipies die VSA, Europa en Australië.

| **Evalueringskriteria** | **Gewig** |
|---|---|
| Aantal uitvindings deur uitvinder (of dieselfde groep uitvinders) oor die afgelope drie jaar, wat deur internasionaal toegestane patente beskerm word | 20 |
| Patente toegestaan in VSA, Europa, VK of Japan | 15 |
| Langtermynpotensiaal van hierdie patente vir nuwe of verbeterde navorsingsplatform (diepte van innovasie) | 10 |
| Aantal formele, internasionale, samewerkende navorsingsooreenkomste of alliansies as ’n direkte gevolg van die patente | 10 |
| Aantal en kaliber formele kommersialiseringsooreenkomste as ’n direkte gevolg van die patente | 10 |
| Kommersiële/maatskaplike waarde van die uitvinding met betrekking tot kommersialisering | 20 |
| Internasionale konferensiereferate, verrigtinge en artikels op grond van hierdie patente | 5 |
| Potensiaal vir sosio-ekonomiese en/of gemeenskapsimpak | 10 |

Aantekeninge:

a) Hierdie Toekennings meet en gee erkenning aan ’n 3 jaar-prestasiesiklus. Ontvangers sal nie in ’n daaropvolgende jaar vir herbenoeming kwalifiseer as daar nie sedert die vorige Toekenning nuwe uitvindings geproduseer is nie, in welke geval slegs nuwe uitvindings erken sal word.

b) Werk wat vir vorige toekennings aanvaar is, sal nie in die volgende siklus aanvaar word nie.

## Toekenning 2: Toptegnologie-innoveerder(s)

Minimum vereistes vir hierdie toekenning:

- Die personeellid of groep moes ten minste één innoverende ontwikkeling (verkieslik ŉ internasionaal toegestane patent of programmatuur), ŉ besigheidseenheid of navorsingsplatform tot stand gebring het.
- Die persoon moet aktief betrokke wees, of die Kantoor vir Tegnologieoordrag bystaan met die skep en implementering van die innoverende idee.

| **Evalueringskriteria** | **Gewig** |
|---|---|
| Aantal internasionaal toegestane patente (of programmatuur) oor die afgelope drie jaar, tot en met Augustus van die jaar van toekenning (geldigheid) | 15% |
| Derde- en/of vyfdegeldstroominkomste gegenereer | 35% |
| Potensiaal vir "spin-offs", produkte, dienste of aanbiedinge, lisensieooreenkomste, ens. | 15% |
| Internasionale erkenning of beloning(s) | 10% |
| Vlak van verbintenis tot die kommersialiseringsproses | 10% |
| Impak op SA se sosio-ekonomie | 5% |
| Nuwe vennootskappe of alliansies vir NWU | 5% |
| Gesamentlike ondernemings met die industrie | 5% |

Aantekeninge:

a) Hierdie Toekennings meet en gee erkenning aan ŉ 3 jaar-prestasiesiklus. Ontvangers sal nie in ŉ daaropvolgende jaar vir herbenoeming kwalifiseer as daar nie sedert die vorige Toekenning nuwe uitvindings geproduseer is nie, in welke geval slegs nuwe uitvindings erken sal word.

b) Werk wat vir vorige toekennings aanvaar is, sal nie in die volgende siklus aanvaar word nie.

## Toekenning 3: Die mees innoverende bydrae tot die verbetering van die NWU se bestuurstelsels, funksionering of prestasie.

Enige personeellid wat ŉ beduidende positiewe impak gehad het op die NWU se prestasie gedurende die afgelope jaar

| **Evalueringskriteria** | **Gewig** |
|---|---|
| Verbetering van enige van die prestasiemaatstawwe van die NWU | 30% |
| Bedryfskostebesparings | 30% |
| Verbetering in die tyd wat enige proses neem | 20% |
| Positiewe impak op die NWU se beeld | 20% |

Aantekeninge:

a) Hierdie Toekennings meet en gee erkenning aan ŉ 3 jaar-prestasiesiklus. Ontvangers sal nie in ŉ daaropvolgende jaar vir herbenoeming kwalifiseer as daar nie sedert die vorige Toekenning nuwe uitvindings geproduseer is nie, in welke geval slegs nuwe uitvindings erken sal word.

b) Werk wat vir vorige toekennings aanvaar is, sal nie in die volgende siklus aanvaar word nie.

c) Toekennings sal slegs gemaak word indien kwalifiserende inskrywings ontvang is.

## Toekenning 4: Die mees belowende nuwe verklaring

Die verklaring van ŉ nuwe uitvinding deur ŉ werknemer of postdoktorale genoot wat na die mening van die paneel die grootste belofte inhou om ŉ beduidende impak te hê op die ekonomie en maatskaplike impak in een of meer industrie van aanwending.

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Patenteerbaarheid | 10% |
| Omvang en grootte van potensiële kommersiële impak | 40% |
| Omvang en grootte van potensiële maatskaplike impak | 30% |
| Waarskynlikheid dat uitvinding internasionaal sal byval vind | 20% |

## Toekenning 5: Die Navorsers met die meeste nuwe verklarings

Die Navorser wat die grootste aantal verklarings ingedien het by die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Rekords van die Hoofdirekteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun | 100% |

Aantekeninge:

a) Die verklaarde uitvindings moet ŉ redelike kans staan om gepatenteer te kan word na die mening van die Hoofdirekteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun

## Toekenning 6: Die Navorsingseenheid met die meeste nuwe verklarings

Die Navorsingseenheid wat gesamentlik die meeste verklarings by die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun ingedien het

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Rekords van die Hoofdirekteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun | 100% |

## Toekenning 7: Die grootste inkomstegenereerder vir die jaar

Die uitvinding wat die grootste inkomste vir die NWU gegenereer het in die verslagjaar

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Rekords van die Hoofdirekteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun | 100% |

LW: Die ontvanger van die Toekenning kan wees:

a) een of meer uitvinder(s) in diens van die NWU;

b) ŉ maatskappy waarvan die NWU ŉ aandeelhouer is; of

c) ŉ interne onderneming/besigheidseenheid (interne korporatiewe ondernemings)

## Toekenning 8: Kommersialiseringstransaksie van die jaar

Mees belowende kommersialiseringstransaksie aangegaan (regsdokument onderteken) deur die NWU gedurende die verslagjaar

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Ekwiteit- en/of tantiemeposisies vir die NWU | 30% |
| Potensiële NWU-verdienste oor die volgende 10 jaar | 20% |
| Mag en invloed van kommersialiseringsvennoot | 15% |
| Waarskynlike impak op werkskepping in SA | 15% |
| Waarskynlike ekonomiese impak | 20% |

## Toekenning 9: Mees belowende studente-idee

Mees belowende idee van ŉ student, of groep studente waar

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Nuutheid van idee | 25% |
| Omvang van potensiële kommersiële aanwending | 25% |
| Waarskynlike impak op werkskepping in SA | 25% |
| Waarskynlike ekonomiese impak | 25% |

Aantekeninge:

a) 50% of meer van die studente is geregistreer by die NWU

## Toekenning 10: Nuwe Studentebesigheid

Die mees belowende besigheid wat deur studente besit en bestuur word, waarvan:

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Bedryf besigheid op ŉ ander plek as kampus | 20% |
| Bedryf besigheid op kampus | 5% |
| Nuutheid van idee | 15% |
| Groen, energiebesparing, of werkskepping | 20% |
| Skaleerbaarheid verder as studentemark | 10% |
| Akademiese uitslae van betrokke NWU-student(e) | 30% |

Aantekeninge:

b) Die besigheid moet al vir tussen 1 en 3 jaar lank bestaan;

c) Al die eienaar-bestuurders moet studente wees, en 50% of meer moet studente aan die NWU wees

d) Bestuursrekeninge moet beskikbaar wees.

e) Moet winsgewend wees in afgelope jaar.

## Toekenning 11: Internasionale Sukses

Projekte en newemaatskappye (waarby die NWU ŉ belang het) wat aantoonbare sukses behaal het met verkope in SAOG en internasionaal

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Uitvoerverkoopwaardes soos per maatskappy-ouditeurs | 50% |
| Internasionale navorsing/kommersiële samewerking | 25% |
| Internasionale openbare betrekkinge-voordele (NUUS) | 25% |

LW: Meer as een toekenning is moontlik

## Toekenning 12: Innovasie-evangelis

Werknemers en/of studente wat erkenning kry vir hul konsekwente en volgehoue veldtogvoering vir die nodigheid en belangrikheid van innovasie binne die industrie en die universiteit

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Impak/reikwydte van veldtog | 30% |

| | |
|---|---|
| Assessering deur paneel | 70% |

LW: Meer as een toekenning is moontlik

Paneel sal besluit oor kwalifiserende minimum

## Toekenning 13: Uitnemende Innovasie-projek

ŉ NWU-projek van hoogstaande gehalte wat beduidende aandag op die NWU vestig.

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Tegniese gesofistikeerdheid | 15% |
| Buitefondse ingesamel | 20% |
| Mediadekking | 25% |
| Groen, energiebesparing, of werkskepping | 10% |
| Studentebetrokkenheid | 10% |
| Nasionale en/of globale prestasies | 20% |

LW: Meer as een toekenning is moontlik

## Toekenning 14: Uitnemende Inkubasie-projek

ŉ NWU-inkubasieprojek van hoogstaande gehalte.

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Gestruktureerde Inkubasiedienste voorsien | 15% |
| Akkommodering van NWU-studente, werknemers | 15% |
| Akkommodering van eksterne entrepreneurs | 15% |
| Buitebefondsing | 20% |
| Ander eksterne erkenning | 20% |
| Fokus op vroue, landelike jeug en/of mense met gestremdhede | 15% |

## Toekenning 15: Internasionale erkenning

Navorser(s) of student(e) wat erkenning gekry het by ŉ erkende internasionale forum of kompetisie vir ŉ uitvinding of demonstrasie van innoverende eienskappe, in ŉ proses van rangordening of beoordeling.

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Dokumentêre bewyse / sertifisering van toekenning(s) | 100% |

LW: Meer as een toekenning is moontlik

## Toekenning 16: Erkenning ingevolge die "TIA Leaders in Innovation Programme"

Navorser(s) of student(e) wat deur die Tegnologie-innovasie-agentskap van die Departement van Wetenskap en Tegnologie as Leiers in Innovasie aangewys is.

| Evalueringskriteria | Gewig |
|---|---|
| Rekords van die Hoofdirekteur: Tegnologieoordrag en Innovasiesteun | 100% |

LW: Meer as een toekenning is moontlik

Original details: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad November 2016\10P-10.6_Rules for innovation awards_afr.docm
17 Januarie 2017

File reference: 10P/10.6